Mediavrystelling

Suid-Afrika, 29 Junie 2015 – Naspers Beperk (JSE: NPN) het vandag sy resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2015 aangekondig.

VORDERING REGOOR PLATFORMS

Naspers het vandag finansiële resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2015 aangekondig. Op die grondslag van ekonomiese belang het omset gedurende die jaar met 26% gegroei tot R132,4mjd, danksy groei in die internet-, e-handel- en videovermaak (voorheen betaaltelevisie)-segmente.

Kernwesensverdienste, 'n aanwyser van volhoubare verdiensteprestasie, het met 30% gegroei tot R11,2mjd, hoofsaaklik weens verhoogde verdienstebydraes van Tencent en sekere winsgewende e-handelsondernemings. Kernwesensverdienste per aandeel was R27,82 en 'n dividendverhoging van 11% tot R4,70 per aandeel word voorgestel.

"Ons het ons internet- en videovermaak-platforms verbeter," het Naspers se voorsitter, Koos Bekker, gesê. "In enkele sleutel-markte het ons mense, tegnologie, inhoud of bemarking versterk. Mededinging is egter kwaai en toenemend globaal van aard, terwyl sommige ontluikende ekonomieë sukkel en verbruikers noustrop trek."

"Die kombinasie van digbevolkte markte en aantreklike platforms vir e-handel- en inhoudlewering dui op groeipotensiaal vir die komende jare," het Naspers se uitvoerende hoof, Bob van Dijk, gesê. "Ons belê in bewese sakemodelle wat kontant kan genereer indien hulle goed bedryf word," het hy bygevoeg.

In e-handel, met omsetgroei van 36% tot R27,8mjd, het geklassifiseerde advertensies en e-kleinhandel albei sterk gegroei. Tencent in China was die

grootste bydraer tot die styging van die groep se aandeel van ekwiteitsverantwoorde resultate tot R16,4mjd.

In die videovermaak-afdeling het omset met 17% tot R42,4mjd gestyg, terwyl ‘n toename in ontwikkelingsbesteding op DDT marges onder druk geplaas het. Die DTT-intekenaarbasis het verdubbel om op 2,2m klante te sluit. Sowat 727 000 satelliet-intekenare is bygevoeg, wat daardie basis op byna 8m intekenare te staan bring. Die groep bedien nou altesaam sowat 10,2m huishoudings in 50 lande regoor die Afrika-vasteland.

Die drukmedia-segment se drukkery-onderneming, Novus, is in Maart 2015 genoteer. Hierdie segment kon daarin slaag om marginale omsetgroei te behaal, terwyl jonger internet- en e-handelinkomstestrome tans ontwikkel word.

“Ons wil graag bevredigende klante-ervaring bied om so vinniger as mededingers te groei en markte uit te brei. Dit word weerspieël in ontwikkelingsbesteding (insluitend dié van ekwiteitsverantwoorde e-handelsbeleggings) wat met 33% gestyg het tot R10,7mjd,” aldus Basil Sgourdos, die groep se finansiële hoof.

Vir nadere inligting, kontak:
Meloy Horn, hoof van beleggersverhoudinge
Tel: +27 11 289 3320
+27 11 289 4446
Selfoon: +27 82 772 7123

Basil Sgourdos, finansiële hoof
Tel: +852 2022 5777
Selfoon: +852 9080 5155

Die volledige resultate is op die Naspers-webwerf beskikbaar by **www.naspers.com**.

Belangrike inligting

Hierdie verslag bevat vooruitskouende verklarings soos gedefinieer in die Verenigde State se “Private Securities Litigation Reform Act” van 1995. Woorde soos “glo”, “verwag”, “voorneem”, “beoog”, “wil”, “beplan”, “mag”, “streef” en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings te identifiseer nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en toekomsverwagtings verteenwoordig, kan verskeie risiko’s, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeurtenisse of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouende verklarings wat hierin vervat is nie.